**Sondag 24 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:8-20; HK Sondag 4, Antwoord 9**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:11**

## Die mens se moedswillige ongehoorsaamheid

Die beskuldiging aan die adres van die mens dat hy deur moedswillige ongehoorsaamheid gesondig het, moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat daar ’n verbondsverhouding tussen God en mens was. Al word die woord *verbond* nie in Genesis 1-3 genoem nie, is al die elemente van ’n verbond tussen God en mens wel teenwoordig.

As God wat liefde is (1 Joh. 4:8, 16) die mens na sy beeld geskep het, beteken dit dat die mens ook kon en moes liefhê. Tussen God en mens was dus ’n band en verhouding van liefde. Hierdie liefde moes van die mens se kant af veral in sy geloof in God en sy gehoorsaamheid aan God tot openbaring kom. God waarsku hom ook dat as hy sy deel van die verbond nie nakom nie, hy gestraf sal word en sal sterf. Tog kom die mens die eise van die verbond wat aan hom gestel is, nie na nie. Hy eet wel van die vrugte van die boom wat God hom verbied het om te eet. So vind die sondeval plaas.

As die sondeval in hierdie lig gesien word, beteken dit dat die mens se sonde nie maar net die oortreding van ’n reël of voorskrif was nie, maar die aantasting van die verhouding tussen God en mens. ’n Mens kan dit met ’n huwelik vergelyk. As ’n man en ’n vrou met mekaar getroud is en een van hulle raak betrokke by ’n verhouding met ’n ander persoon, dan word nie net ’n reël oortree nie, maar ’n verhouding aangetas. Dit is waarom die sonde van die mens so ’n verskriklik ernstige saak is. Die sonde het die mens tot ongeloof in God beweeg, en die ongeloof openbaar hom in ongehoorsaamheid aan God. Gesien in die lig van die verbond tussen God en mens, kan die mens se optrede tereg aangedui word as moedswillige ongehoorsaamheid waardeur hy homself en sy hele nageslag beroof het van die gawes om God bo alles lief te hê en sy naaste soos homself. Willens en wetens het hy God se gebod oortree. Hy is soos iemand wat nie per ongeluk nie, maar teen sy beterwete in aan die verkeerde kant van die pad ry en ’n ernstige ongeluk veroorsaak. Sy daad is geen onbesonnenheid nie, maar ’n misdaad.

As dit alles in ag geneem word, moet God se redding van die mens deur die soenverdienste van Christus as ’n daad van grenslose liefde gesien word.